# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Junie 2022

# VOORT MET VERNUWING!

Die winter het sy tande reeds behoorlik gewys en die verwarmers is aangeskakel en die warmwatersakke is volgemaak.

Hoewel die koue soms die lewenslus en motivering verdryf, geld die teenoorgestelde by die ATKV.

Ons nuwe bemarkingsveldtog is volstoom aan die gang - en ons wil almal laat weet dat ongeag hoe jou Afrikaans klink, of jy nou afkomstig is van die Weskus of van Welkom, jy is altyd welkom by die ATKV.

Die ATKV-jeugtak Prieska se interaktiewe bordspeletjie, Meer bek as binnegoed, is 'n moet om op 'n prettige wyse jou idioomkennis op te skerp en is reeds deel van baie huishoudings.

Dié tak van die Hoërskool Prieska het onder leiding van juf. Esmé du Toit twee jaar lank geswoeg en gesweet om 'n idiome-bordspeletjie te ontwikkel wat jonk en oud kan geniet en dit is uiteindelik te koop by die ATKV.

Soos gewoonlik, was ons takke hard aan die werk.

Die Kuilsriviertak het onlangs klere ingesamel vir inwoners van Huis Sonop in Belville, die tak Rooiduin het saam met die departement van onderwys 'n debat in geskiedenis vir onderwysers van die Upington-streek aangebied en die Durbanvilletak het vanjaar besluit om die Bless-a-Baby-organisasie, wat mammas in hul desperaatste uur bystaan, te ondersteun.

En dié, liewe lesers, is net enkele voorbeelde van wat ons takke doen om die ATKV se hande sterker te maak om te help in gemeenskappe regoor ons land.

Besoek ook ons splinternuwe webwerf, en sien die wonderlike werk waarmee die ATKV besig is.

*Geniet dit!*

## *Het jy geweet?*

- Die ATKV spog met 'n nuwe bemarkingsveldtog genaamd **"HOE PROE JOU TAAL?"**
- **Meer bek as binnegoed**, 'n interaktiewe bordspeletjie, is onlangs deur die ATKV bekend gestel.
- Die ATKV spog met verskeie nuwe vennote.
- Die ATKV-Woekerfonds is die ideale platform om skenkings te maak ter bevordering van LEES, LEER en LEEF.
- Om ingelig te bly oor die werksaamhede van die ATKV, besoek **www.atkv.org.za**




Die webwerf spog met 'n nuwe voorkoms en ons hoop dat elke besoek jou trots sal maak op die #weesdieverskil van hierdie dinamiese organisasie.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en ons sosialemediaplatforms.



## HOE PROE JOU TAAL?

ATKV

# ATM-NAAMSVERANDERING IS ONNODIG, GLO DIE ATKV



Die Afrikaanse Taalmonument en -museum (ATM) slaag daarin om die diverse samestelling van Afrikaans – 'n taal wat hier in Suid-Afrika ontstaan het – te omarm, en daarom is 'n naamsverandering onnodig.

Só sê Sonél Brits, besturende direkteur van die ATKV-MSW, in reaksie op berigte dat Nathi Mthethwa, die minister van sport, kuns en kultuur, versoek het dat dié monument se naam moet verander.

Die ATKV en die ATM loop reeds vir dekades lank saam 'n pad as strategiese vennote. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) – wat in 1991 in die ATKV opgeneem is – was vanaf 1963 intensief by die werksaamhede van die ATM betrokke en het mettertyd op eie koste al die administratiewe en sekretariële pligte oorgeneem.

Die organisasie het 'n groot rol gespeel in fondsinsameling en het self ook 'n bedrag geskenk vir die ATM se werksaamhede.

Lees hier verder.

# Tjokkers speel Bloem warm!



ATKV-Tjokkertoneel het die Mei-ronde in Bloemfontein afgesluit met gretige woelwaters wat diep in die gehoor se hart ingekruip het.

Tjokkers van so ver as Upington het op Donderdag 26 Mei by die Hoërskool Jim Fouché mekaar met groot geesdrif die stryd aangesê en gewys dat die talent in die sentrale streek van Suid-Afrika sterk staan.

Die bekroonde teatermakers Michelle Joubert en Schoemé Grobler was die mentorbeoordelaars en was besonder opgewonde oor die potensiaal wat in hierdie streek opgesluit lê.

ATKV-Tjokkertoneeldeelnemers ontvang buiten toekennings vir deelname en prysenswaardige prestasie ook pasgemaakte stemnotas van albei mentors om hul talent verder mee te slyp.

Streeksfeeswenners is ook op die dag tydens 'n spogprysuitdeling aangewys.

Lees hier vir die wenners.

# Tehuis-inwoners snoesig vir die winter danksy Kuilsriviertak

Om hoop en vreugde aan ander te bring is goed vir die siel, verstand en gesondheid. Studies het al bewys dat mense wat gemiddeld twee ure per week van hul tyd en aandag vrywillig aan hul medemens gee, hul funksionele vaardighede langer behou, oor die algemeen gelukkiger is en meer vervuld voel.

Die ATKV-tak Kuilsrivier se liefde in aksie kring wyd uit en lede en diegene wat baat by hul vele projekte ervaar die ware betekenis van omgee en uitreik.

Die tak het onlangs klere ingesamel vir inwoners van Huis Sonop in Belville. Huis Sonop is geleë op die Stikland-hospitaal se gronde en huisves 61 inwoners met langtermyn- psigiatriese probleme soos bipolêre versteuring, ADHD en grenstipe-persoonlikheidsteuring.

Hulle het hulp nodig om die alledaagse lewe beter te kan hanteer.

Volgens Celésti van Zyl, voorsitter van die tak, is die gemeente waarin sy en haar man is reeds jare lank by Huis Sonop betrokke en só het sy gehoor dat daar 'n behoefte aan klere is.

Taklede het klere ingesamel met die fokus daarop dat dit goeie kwaliteit, bruikbare klere en skoene sou wees. Taklede het self klere geskenk en daar is ook skenkings van buite die tak gekry.

"Daar was 'n spesifieke behoefte aan sweetpakke vir die koue wintermaande – lekker warm en gemaklik vir die inwoners," sê Celésti.

Sy vertel van die eerste keer toe sy die tehuis besoek het. "My eerste besoek aan Huis Sonop was 'n emosionele ervaring. Ek het daar weggery met 'n dankbare hart en die besef dat ons hier besig is met iets groots en goeds."

Die Kuilsriviertak is van plan om die projek verder uit te brei.

"Ons wil in die toekoms nie net vir hulle klere skenk nie, maar hulle ook op 'n manier probeer besig hou – dalk konsert hou.

"Ons weet reeds van 'n laerskool wat ook graag betrokke wil raak.

"Ons het ook gedink aan fisiese oefening soos gesigoefeninge om hul gesigspiere te oefen, en dit kan terselfdertyd ook humor bring," sê Celésti.

Volgens Celésti is dit 'n "goedvoel-, warm-om-die-hart gevoel-projek".

"Dit is altyd lekker om 'n verskil in ander se lewens te maak; iets van waarde vir die samelewing te doen.

"Hierdie mense was uiters dankbaar en só opgewonde oor die klere.

"Hulle het dit dadelik aangetrek om te wys hoe mooi hulle daarin lyk."

Klik hier om verder te lees.





HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



## ATKV-tak Durbanville help nuwe moeders

Vir duisende mammas regoor Suid-Afrika is die koms van 'n nuwe baba nie 'n heuglike gebeurtenis nie, maar 'n kommerwekkende een. Met min of geen inkomste en dikwels sonder die ondersteuning van familie of vriende, is sulke ma's uitgelewer aan die goedheid van ander.

So 'n mamma skenk dikwels geboorte sonder om te weet waar babaklere, doeke, komberse en selfs haar eie sanitêre ware vandaan gaan kom. 'n Gebeurtenis wat vreugdevol moet wees, is vir hierdie mammas gevul met onsekerheid en angs.

Die ATKV-tak Durbanville het vanjaar besluit om die Bless-a-Baby-organisasie, wat mammas in hul desperaatste uur bystaan, te ondersteun.

Bless-a-Baby is 'n onafhanklike en nie-winsgewende organisasie met hul hoofkantoor in Durbanville.

Hulle voorsien nuwe ma's van handgemaakte sakke gevul met babaklere, toiletware vir ma en baba vir die eerste dae nà geboorte, 'n kombers en ander items.

Só voel die nuwe mamma geliefd en gewaardeer ten spyte van haar persoonlike omstandighede.

"Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n belangrike deel van ons tak se DNS," sê Madeleine Schutzler, voorsitter van die Durbanville-tak.

"Ons deel Bless-a-Baby se passie om ander se omstandighede te wil verbeter en hoop te bring."

Die tak kon deur fondsinsameling onder hul lede klere, komberse en toiletware, asook R4 600 in kontant aan Bless-a-Baby skenk.

Lees hier verder.

# ATKV HELP ONDERWYSERS OM GESKIEDENIS TE VERSTAAN



In die geskiedenisboeke lê epiese verhale opgesluit. Dit bevat die mens se suksesse en tragedies. Dit is 'n vakgebied wat vir leerders insig kan bied en kan leer om nooit die foute van die verlede te herhaal nie.

Dit is egter vir onderwysers moeilik om die vak só aan te bied dat kinders geskiedenis nie soos papegaaie opswot nie.

Die ATKV-tak Rooiduin het saam met die departement van onderwys 'n debat in geskiedenis vir onderwysers in die Upington-streek aangebied.

"Die doel was om onderwysers te laat redeneer oor die geskiedenis en nie net bloot feite te aanvaar nie.

"Ons wou hê hulle moes dink oor die implikasies en agtergrond van geskiedkundige gebeure sodat hulle kinders ook kan leer om krities oor die vakgebied te dink," sê Marco van den Berg, ATKV-streeksbestuurder.

Die geleentheid het by die onderwysdepartement se hoofkantoor in Upington plaasgevind en sowat 30 onderwysers het dit bygewoon.

Volgens Beatrix Venter, takvoorsitter, is die ATKV-tak Rooiduin deur die departement genader om die debat te ondersteun.

"Ons het 29 skole in die streek en ons wou graag almal betrek. Onderwysers sukkel self om krities oor geskiedenis te dink, en as hulle dit nie kan doen nie, gaan hulle leerders nie kan bemagtig nie.

"Omdat baie van ons taklede onderwysers is, het ons die leemte gesien. Onderwysers en leerders word oorlaai met inligting en ons wil hê hulle moet anders kan dink oor die leerwerk."

Die ATKV se Magon Mouton het die debat aangebied.

"Magon het self op 'n klein dorpie gematrikuleer en ons weet watter briljante spreker sy is. Verder is sy 'n rolmodel vir ons leerders omdat sy gewys het jy kan van 'n klein dorpie af kom en groot hoogtes bereik."

Volgens Beatrix beplan hulle om verdere debat- en inligtingsessies vir onderwysers aan te bied.

"Ons wil die hele Noord-Kaap se onderwysers betrek. Kennis is mag en ons kan baie uit die verlede leer."


NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**

| | |
|---|---|
| 1 X A4-advertensie: | R3 000 |
| 1 x A5-advertensie: | R1 500 |
| 1 x kwartbladadvertensie: | R1 000 |

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**
- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapkomissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF**

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot!

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien regs vir tariewe en spesifikasies en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.





HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



# 10 VRAE AAN 'N TAKVOORSITTER

**Annelize Keeve**, 'n dokter in Zastron, is al die afgelope vier jaar die takvoorsitter op dié plattelandse dorpie. Soos wat sy graag haar pasiënte help en versorg, wil sy met die ATKV-tak Zastron 'n wesenlike verskil in haar gemeenskap maak.

**Waar kom jou liefde vir taal en kultuur vandaan?**
Ek dink dit kom van my skooldae af. Ek het 'n Afrikaans-onderwyser gehad wat my liefde vir die taal gekweek het en my aangemoedig het om te skryf. Ek het ook aan debat deelgeneem. Ek is een van daardie mense wat 'n liefde vir taal én syfers het.

**Wat inspireer jou?**
Om 'n verskil te maak. Ek wil iemand kan help en bystaan. Niks inspireer my meer as om te sien hoe 'n persoon bo hul omstandighede uitstyg nie. Klein dinge soos die natuur inspireer my ook.

**Waaroor is jy passievol?**
Ek is passievol oor die lewe en my loopbaan. Ek is baie lief vir mense en om hulle te leer verstaan.

**Wie is of was jou rolmodelle en hoekom?**
Ek het nie regtig rolmodelle nie, maar skrywers en boeke inspireer my. Ek lees graag boeke van Robin Sharma en Joyce Meyer.
Ek hou van boeke wat jou dieper laat dink. Om te lees en te redeneer is vir my baie belangrik en 'n manier om die lewe beter te verstaan.

**Wat dryf jou as takvoorsitter?**
My dorp en omgewing dryf my. Ons is 'n klein plattelandse dorpie en dit is vir my belangrik om betrokke te wees. Ons vat ook gereeld hande met ander organisasies. As een organisasie iets doen, sluit die ander een by die projek aan. Ons as 'n dorp en 'n tak kon al baie gedoen kry met min.

**Wat is die uitdagings vir julle as tak?**
Ons het baie min lede en dit skep groot uitdagings vir projekte wat ons aanpak, maar steeds maak ons 'n verskil in ons dorp.

**Op watter projekte is jy die trotste?**
Ons het so paar jaar terug 'n projek gehad waarin ons 'n verwelkomingsbord buite die dorp opgerig het. Ons het 'n kompetisie gehad waar skoolleerders hul ontwerpe kon inskryf en ons het die wenner se ontwerp vir die bord gebruik. Ons kon ook vir die wenner en die twee naaswenners kunsklasse vir 'n jaar borg. Vandag is al drie van hulle in die kunswêreld en dit is verblydend om te sien hoe hulle hul plek in die kunste gevind het.

**Wat beteken "belê in jouself, belê in jou toekoms, #weesdieverskil" vir jou?**
Hoe maak 'n mens werklik 'n verskil? Met een persoon op 'n slag. Soms kan 'n mens oorweldig voel deur al die hulp wat mense benodig, maar om te fokus op net een persoon en 'n verskil in sy/haar lewe te maak is klaar genoeg. Maak ook seker jou eie emmer is vol. Jy kan nie ander help as jou emmer leeg is nie. Belê in jouself, maar moenie selfsugtig wees nie.

**Watter verskil sal julle graag in jul gemeenskap wil maak?**
Ons sal graag wil hê die gemeenskap moet saamstaan. Dit is altyd moeilik op klein dorpies om saam te staan en saam te veg. Die gemeenskap moet uit een mond praat.

**Hoe sal jy jul tak in 'n paar woorde opsom?**
Vir my is daar twee woorde wat opkom: samewerking en gemeenskap. Ons as tak werk altyd saam met ander groepe en organisasies in die dorp en ons hooffokus is ons gemeenskap.

---

# Oprah in die gees by AbbAsorg Cloetesville



Dit is lankal wyd bekend dat die kletskoningin Oprah Winfrey 'n groot hart het as dit kom by die opvoeding en ontwikkeling van kinders in ons sonskynland.

As deel van haar filantropiese werk het sy sowat 30 jaar gelede die Oprah Winfrey Morehouse College-opheffingsbeursprogram in die deelstaat Georgia in die VSA gestig. Die program gee aan jong manstudente die geleentheid om hul leierseienskappe en talente te wys in gemeenskappe waar sosiale opheffingswerk nodig is.

Op 25 Mei het 'n groep bestaande uit 15 studente en hul programleiers vir die voorskoolse kinders by die ATKV se AbbAsorgsentrum in Cloetesville, Stellenbosch, gaan kuier.

Die sowat 45 voorskoolse woelwaters het grootoog en met gespitsde ore by hul tafeltjies aangesit om te hoor wat die grootmense met die vreemde aksente hier doen om hul dag nóg lekkerder te maak.

Die kindertjies van AbbAsorg kan nie eintlik Engels verstaan nie, maar woorde tel mos min as vriendelikheid en groot glimlagte op almal se gesigte is.

Lees hier verder.



HOE PROE JOU TAAL?

ATKV